# SAK en PAK



foto's Butterick Maatskappy (Edms.) Bpk.

**Lyfsakke te kies en te keur. Gebruik jou geliefkoosde kleure vir die sakke om by jou klerekas te pas.**

## Grootte

27 cm x 35 cm x 4 cm-beursie met 'n omhulsel wat deur 'n breë lyfband glip. Een grootte met 'n 13 mm-naattoelating (1,3 cm).

Let wel: Nie geskik vir duidelike streeppatrone nie en ekstra materiaal moet vir eenrigting ontwerpe toegelaat word.

Indien sintetiese leer of suède gebruik word, moet materiaal nie geryg word nie, maar met kleefband of skuifspelde vasgemaak word om permanente merke te keer.

## Benodigdhede

Materiaal geskik vir lyfsak: Nylon, sintetiese leer of suède, linne, seil en kaardwolstof.
0,8 m materiaal (115 cm breed) óf 0,7 m materiaal (150 cm breed) van jou keuse
1,5 m tussenvoering (65 cm breed)
0,5 m voering (115 cm breed) van jou keuse
22 cm-ritssluiter
0,3 m velcroband (25 mm breed)

## Aanwysings

**1.** Trek blokke van 10 x 10 cm op koerantpapier en trek patroon af OF vergroot die patroon op die fotostaatmasjien met 200% en vergroot dié vergroting weer met 200%. Elke blokkie sal dan 1 cm groot wees.

**2.** Knip die patrone uit, lê die patrone op materiaal, tussenvoering en voering uit. Steek vas met spelde en knip aangeduide dele van elk uit.

**Let wel:** Band 4 moet op die vou gesny word en let op na grein van materiaal.

**3.** Steek elke tussenvoering aan passende materiaaldeel se verkeerde kant vas, ryg langs soomlyn en knip hoeke van tussenvoering af.

**4.** Dubbelstik insetsel 1 en 2 oor klein kolle om materiaal te verstewig en knip reguit van rand tot teen klein kolle.

**5.** Stik twee dele van insetsel 1 saam en hou insetsel tussen twee groot kolle oop, maar ryg tussen twee groot kolle toe en pars soom oop.

**6.** Werk boonste punt van ritssluiter toe en plaas rits sentraal tussen twee groot kolle op insetsel 1. Ryg vas en gebruik ritsvoetstuk om weerskante van rits vas te stik. Stik ook bo en onder die rits vas.

**7.** Stik eindes van insetsel 2 aan insetsel 1 (met rits) vas, regte kante opmekaar.

**Maak dié maklike lyfsak en sorg dat jy sorgeloos kan rondloop, vat, bewonder en selfs dans - sonder om jou oor jou besittings en handsak te bekommer. Hou só alles veilig naby jou hart. Deur Linda van der Spuy**



**Die roomkleurige lyfsak kontrasteer dramaties met enige donker kledingstuk.**
Voguepatroon 7107

**8.** Vir voorkant van sak, werk een deel van beursie 3 aan 'n lang sy van insetsel, regte kante opmekaar en pas kolle opmekaar. Draai stikwerk op klein kolle om skerp hoeke te vorm.

**9.** Dop beursie uit en vou beursie en insetselstrook soomlangs. Randstik (sien foto) die soom.

**10.** Om onderste omhulsel te vorm, stik 'n 13 mm-soom aan smal kante van tweede patroondeel beursie 3. Steek verkeerde kant van omhulsel sentraal op some vas aan regte kant van laaste patroondeel beursie 3. Ryg onafgewerkte kante saam vas.

**11.** Maak rits oop en met regte kante opmekaar, steek beursie 3 (met omhulsel) aan orige lang deel van insetsel vas en pas kolle opmekaar. Stik vas en draai stikwerk op klein kolle om skerp hoeke te vorm. Keer dat gestikte sykante van omhulsel vasgestik word.

**12.** Dubbelstik voering 1 en 2 oor klein kolle om materiaal te verstewig en knip reguit van rand tot teen klein kolle.

**13.** Stik twee dele van voering 1 saam en hou insetsel tussen twee groot kolle oop en pars saam oop. Herhaal stap 7 en 8 met voering 3 se een deel en stap 11 met tweede deel van voering 3.

**14.** Met verkeerde kante opmekaar, steek voering aan beursie vas en draai soomtoelating van oop deel (voering) in om rits skoon te hou en slipsteek vas. Draai beursie regte kant uit.

**15.** Stik regte kante van band 4 saam en laat genoeg plek vir uitkeer van band. Draai regte kant uit, pars en slipsteek opening toe.

**16.** Randstik band (sien foto) se rand en sny twee dele velcro, elk 6,5 cm lank en stik twee dele elk aan eindes van band langs mekaar vas.

**17.** Glip band deur omhulsel van beursie.

## Net vir jou

Lyfsakke is deel van ontwerpers se klerekas en is dikwels duur. Butterick- en Voguepatrone hou by met die jongste modeneigings, ook lyfsakke. Maak jou eie tuis en wees in die kol. Ons gee van dié patrone weg. Kies uit vyf verskillende ontwerpe om jou besittings veilig byderhand te hou.

200 lesers kan elk dié patroonpakket ontvang. Stuur net jou naam, adres en telefoonnommer op 'n poskaart of agterop 'n toegeplakte koevert aan **rooi rose**/Voguelyfsakke, Posbus 57453, Springfield, 2137. ❑

**Afmetings in sentimeter**
**elke blokkie = 1 cm**

**INSETSEL 2**
**SNY: 1 materiaal**
**1 tussenvoering**
**1 voering**

**INSETSEL 1**
**SNY: 2 materiaal**
**2 tussenvoering**
**2 voering**

**BAND 4**
**SNY OP VOU:**
**2 materiaal op vou**
**2 tussenvoering op vou**

**BEURSIE 3**
**SNY: 3 materiaal**
**2 tussenvoering**
**2 voering**

